# EVANGELIE*)

*Prof. dr. T. van der Walt,* Rektor van die P.U. vir C.H.O.

Min dinge is so gevaarlik as geestelike inteelt, as mens gedurig net met soort- en vakgenote omgaan. Dit is juis die unieke verryking van universiteitstudentwees: dat mens met kollegas uit alle studierigtings te doen kry. En in hierdie lig sien ek onder meer ook die Interfakultêre Lesings: Dit is 'n geleentheid om 'n slag saam as universiteitsgesin te praat oor iets anders as wat normaalweg in 'n mens se vakgebied val. Iemand moet in sy vakgebied bly; en die slagoffer is ongelukkig die spreker. Maar hy behoort so te praat dat álle studente uit álle fakulteite álles kan verstaan - en daarom moet u nie vanoggend van my 'n danige geleerde en vaktegniese betoog verwag nie. Ek vertrou wel dat wat ek in eenvoudige taal aan u gaan probeer stel, stewig op akademiese pote staan - my kombuiswerk het ek vir die kombuis gelaat.

Sou dit nie goed wees om in die toekoms met ons Interfakultêre Lesings iemand te vra om iets uit sy vakgebied te kies wat hy graag aan nie-vakgenote sou wou oordra - omdat dit so aktueel is, so boeiend, of wat ookal. Maar dat ons dan ons vereiste stel dat die referent moet onthou dat hy juis nie met vakgenote praat nie en dat hy so moet praat dat almal verstaan.

Wat ek by wyse van proefneming vanoggend wil probeer, sou ek baie graag by 'n volgende geleentheid wil hoor van 'n ekonoom, 'n natuurwetenskaplike, 'n regsgeleerde, ens.

Die onderwerp waarvoor ek vanoggend u aandag vra, is nie 'n eie stokperdjie of vakspesialiteit waaroor ek besondere navorsing gedoen het nie. En tog is dit iets wat van sentrale betekenis vir elkeen van ons is en moet wees, veral waar ons as Christenstudente aan die P.U. vir C.H.O. "In U Lig" die lig wil sien: *Evangelie.*

Dit is natuurlik 'n onderwerp waaroor enige respektabele teoloog veertig dae en veertig nagte kan praat sonder om ooit te herhaal, en miskien probeer ek iets te veel sê in die veertig minute tot my beskikking. Dit is egter so 'n boeiende onder-

* *Openingslesing by geleentheid van die jaarlikse interfakultêre lesings van die P.U. vir C.H.O. op 19 Maart 1980.*

werp met soveel fasette, dat dit bitter moeilik is om hier te beperk. Dit gaan vir my ook nie oor die verskillende fasette as sodanig nie maar die trefkrag van die geheel. As ons vanoggend opnuut iets van die blydskap, verwondering, trots en dankbaarheid kan belewe oor iets wat ons so vanselfsprekend aanvaar as die Evangelie, as ons, weer met nuwe tinteling, deur die Evangelies gaan blaai, weer asem ophou oor wat ons lees, dan was dit die moeite werd.

Onder die sake waarna ek vanoggend vlugtig met u wil kyk, is daar onder meer die volgende:

* Die woord "evangelie" - wat beteken dit? Hoe is dit destyds gebruik?
* Waarom is die Evangelie juis Evangelie genoem?
* Waar kom die evangelie vandaan? Hoe het die Evangelies ontstaan en hoekom?
* Hoe oud is hulle en hoe weet ons dit?
* Daar is per slot van rekening maar een evangelie - hoekom vertel vier Evangeliste ons dit?
* Eintlik is daar baie meer Evangelies in omloop as net die vier wat in die Bybel opgeneem is. Waar kom hierdie ander vandaan, en hoekom is hulle nie in die Bybel nie?
* Hoe moet mens vandag die Evangelies lees en verstaan? En nie in die minste nie:
* Hoe moet ek self die Evangelie uitdra, vertolk, verwoord, verklank, beliggaam?
* Ons noem ons soms "Evangeliese Christene" - wat sê ons eintlik hiermee?

Maar genoeg: Aan vrae is daar geen gebrek nie. Evangelies laat 'n mens in elk geval nooit ophou wonder nie.

**Die woord Evangelie**

Wie sou eerste op die skitterende gedagte gekom het om die evangelie "evangelie" te noem?

Vir ons is dit vanselfsprekend (evangelie ís mos evangelie), maar iemand moes êrens vir die eerste keer hierdie verrassende deurbraak gemaak het. Dit staan so doodgewoon in die eerste vers van die eerste hoofstuk van die oudste Evangelie wat ons besit, dié van Markus: "Die begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God" - maar êrens was daar dié geniale begin: die eerste man wat op die blink idee gekom het om die evangelie "evangelie" te noem.

Terloops, dit was natuurlik nie net 'n skitterende gedagte om die evangelie "evangelie" te noem nie - dié Bybelskrywer, die Heilige Gees, het dit so aan die Evangeliste geopenbaar, hulle het dit so laat skryf. Dit is dus ook Godsopenbaring dat ons van "evangelie" en Evangelies praat. Maar net so min as wat die Bybel as't ware uit die lug geval het, of die evangelie deur 'n stem uit die hemel gedikteer is, net so min was dit die geval met die naam evangelie. Erens het die Heilige Gees dit in die gedagte van een of ander vroeë Christen ingeplant, dit was vir hom 'n skitterende idee en hy het dit aan sy vriende deurgegee, ander het hom nagevolg, en siedaar: Vandag praat ons doodgewoon en vanselfsprekend van die Evangelies as "Evangelies".

Waarom is hierdie naam "evangelie" vir die evangelie so 'n skitterende gedagte?

Om veral twee redes: die betekenis van die woord "evangelie", en die gebruik destyds van hierdie woord. Ons weet seker almal dat ons woord "evangelie" van 'n Griekse woord ("euangêlion") kom wat letterlik "goeie nuus", "blye boodskap" beteken. En is die Evangelies dan nie die beste nuus van alle tye nie? Die gebruik van die woord "evangelie" destyds maak die keuse van hierdie woord om ons Evangelies aan te dui, des te meer gepas. Dit is nie so dat die eerste Christene van hierdie woord gemaak het nie; die mense van destyds het dit lankal geken, en dit veral vir drie gebeurtenisse gebruik. (En dink nou maar net elke keer hoe toepaslik hierdie gebruik op die Bybelse evangelie is!)

In die eerste plek is dit gebruik van die nuus van die geboorte van 'n Kroonprins; tweedens van die oorwinning in 'n beslissende veldslag; derdens ook van die troonbestyging van 'n nuwe vors.

Maar dit is mos presies drie kernmomente uit die evangelie!

Die Evangelies begin immers met die geboorte van Jesus Christus. Die engel in die velde van Bethlehem sê byvoorbeeld (Luk. 2:10): "Moenie vrees nie, want kyk ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees . . ." - en dan sê die engel hier letterlik: kyk ek evangeliseer vir julle groot blydskap; en bring julle die evangelie, die skitterende nuus van die geboorte van die Messias.

En is die kruis en opstanding van Onse Here Jesus Christus nie die beslissendste oorwinning in die hele wêreldgeskiedenis nie? Die "evangelie van die kruis" is oorwinnaarsnuus; en die "boodskap van die opstanding" van Onse Here Jesus Christus is die blye boodskap van 'n ondenkbare deurbraak deur graf en dood heen.

En in die derde plek: die evangelie stuur af op die Hemelvaart van Christus. Sy Hemelvaart is egter nie bloot net 'n plekverwisseling, 'n soort van 'n loshande ruimtereis nie; dit is sy troonsbestyging: dat alle mag in die hemel en op aarde aan Hom gegee is (Matt. 28:18), en dat Hy dit nou daadwerklik aanvaar.

Dit was dus 'n skitterende idee om die evangelie "evangelie" te noem: *eerstens* omdat die betekenis van die woord evangelie so gepas is (goeie nuus); *tweedens* omdat die gebruik van die woord evangelie so raak is: die Kroonprins is gebore; die beslissende oorwinning is behaal; daar is 'n nuwe Koning op sy troon.

**Ontstaan**

Ek het netnou gesê dat die Evangelies nie uit die hemel gedikteer of uit die lug geval het nie. Hulle het 'n ontstaansgeskiedenis gehad. Kom ons kyk of ons iets hiervan kan rekonstrueer.

Natuurlik begin hierdie geskiedenis by Jesus Christus self. Al kon Hy skryf, het Hy nie gepubliseer nie; Hy het nie sy evangelie geskryf nie, Hy het dit gepraat, dit gepreek. En Hy het ook sy dissipels geleer om presies te onthou wat Hy gesê het, en daarvoor allerlei tegnieke toegepas. En dan stuur Hy hulle ook uit om die evangelie te preek (byvoorbeeld Matt. 28:19), om dit woordeliks oor te dra.

So het dit dan ook die eerste tyd gebeur. Die evangelie is vir 'n ruk lank deur die mond oorgedra, nie deur die pen nie.

Ons kan dit egter baie goed verstaan dat daar baie vroeg die behoefte ontstaan het om iets op skrif te hê, iets swart op wit, sodat die eerste Christene die evangelie kon lees en herlees. En baie vroeg het dit dan ook klaarblyklik gebeur dat bepaalde uitsprake van Onse Here Jesus Christus op skrif gestel is. So ontstaan daar as't ware evangelies-in-die-kleine, bloemlesings van wat Christus gesê het, byvoorbeeld van sy gelykenisse of sy toesprake, en veral beskrywings van die hoogtepunt van sy koms: sy kruis en opstanding.

Geleidelik groei hierdie mini-evangelies wyer en wyer uit, want die mense wil steeds meer en meer weet van die lewe en werk van Onse Here Jesus Christus. Waar die eerste skriftelike evangelies veral om die kruis en opstanding van Christus gesentreer het, strek die vier Evangelies in ons Bybel al hoe vroeër terug. Die oudste evangelie wat ons besit, dié van Markus, begin byvoorbeeld met die werksaamheid van Johannes die Doper - sê, so hier teen die middel van die twintigerjare. Mattheus en

Lukas gaan vir die begin van hulle evangelies terug na Kersfees en selfs net voor Kersfees. Die jongste evangelie, dié van Johannes, gaan terug na die skepping: "In die begin was die Woord ...".

'n Goeie idee van hierdie voorgeskiedenis van die evangelies kry mens in die eerste verse van Lukas, hoofstuk 1 verse 1 tot 4. Lees hulle gerus vanaand sorgvuldig. Toe Lukas sy evangelie skrywe, was daar al heelwat wat dit voor hom probeer het. Hy doen sorgvuldige bronnestudie, hy toets ook waar moontlik is weer die getuienis, en dan rangskik hy sy resultate sistematies - en siedaar, die evangelie van Lukas.

By dit alles bly vir die gelowige die wonder dat die evangelies wat so in die geskiedenis tot stand gekom het, nie bloot produkte van die geskiedenis was nie. Agter die Bybelskrywers staan dié Bybelskrywer, die Heilige Gees. Die Heilige Gees het by wyse van spreke God se gedagtes in die Bybelskrywers se gedagtes ingeplaas (inspirasie kom van 'n Latynse woord wat letterlik inblasing beteken) sodat hulle in hulle eie woorde God se Woord geskryf het. En so weet ons, was dit ook met die Evangelies.

Die kort rekonstruksie wat ons hierbo gegee het oor die ontstaan van die evangelies vind wel sterk steun in die evangelies self soos byvoorbeeld die begin van die evangelie van Lukas of die slot van die evangelie van Johannes (20:20-31, 21-25) maar heelwat teoloë het dit baie sterk betwis en genoeg van hulle doen dit nog. Daar is teoloë wat die evangelies met baie groot agterdog bejeën en hulle verbeel dat hulle baie beter as die oorspronklike getuies weet hoe die dinge plaasgevind het.

Die eerste Christene sou eintlik maar alles versin het - so al asof nie net Christus nie maar ook al die ooggetuies wat gesien en gehoor het wat Hy gedoen en gesê het, 'n hemelvaart beleef het, het 'n kritikus 'n keer taamlik sinies opgemerk. "It is not higher criticism, but higher credulity", het T.W. Manson gesê, "to boggle at a verse in Mark, and swallow pages and pages of pure conjecture without a qualm". Ander kwasi-deskundiges het weer van die evangeliste weinig meer as "lympot-teoloë" gemaak: Mense wat flentertjies van die oorspronklike evangelie willekeurig aanmekaar geplak het om hulle eie doel te dien. Gelukkig het die Teologie ook in die breë vandag meer sin vir die eie aard, ook die eie styl, van elke Evangelie - en nie in die minste nie vir die basiese eenheid wat aan die verskeidenheid ten grondslag lê.

**Vier Evangeliste - een evangelie**

Eintlik is daar maar net een evangelie (Gal. 1:6-9) - tog word die een evangelie vir ons deur vier Evangeliste berig. Waarom?

'n Mens kan dit goed verstaan dat die Evangelies nie maar woord vir woord dieselfde is nie. Trouens, as hulle presies dieselfde was, sou ons net een nodig gehad het! Partykeer is dit vir ons 'n bietjie 'n verleentheid as dit lyk asof die verskillende Evangeliste mekaar weerspreek. Ek dink dit is egter eerder 'n bewys van die betroubaarheid van die Bybel, en die rykdom van die Openbaring van God.

As die vroegste Christene basies maar hulle eie gedagtes in die Evangelie wou projekteer, of bedrog gepleeg het en die feite verdraai het om by hulle eie skematjies in te pas, sou hulle sekerlik meer moeite gedoen het om hulle gegewens met mekaar te vergelyk en dan minstens uit een mond te lieg. Die feit dat dit soms moeilik is om die verskillende detail-gegewens van die Evangelies by mekaar in te pas, bevestig dus eerder die betroubaarheid van die Evangelies.

En dan ook veral die rykdom van die Openbaring van God. God het nie net sy Seun vir ons gestuur nie. Hy het ook gesorg dat ons 'n betroubare berig het oor wat hy gesê en gedoen het - of eintlik *vier* betroubare berigte wat soms 'n bietjie oorvleuel, keer op keer mekaar aanvul en in die breë deurgaans mekaar ondersteun.

As u na 'n kunswerk, byvoorbeeld 'n beeld, kyk, dan stap u by voorkeur rondom hom om hom vanuit verskillende gesigshoeke te kan bekyk. Die feit dat ons vier Evangeliste het wat ons die een evangelie laat beskrywe, maak soiets vir ons moontlik met die lewe van die Messias op aarde: om dit van vier verskillende kante te bekyk.

Omdat die Evangeliste mense van verskillende geaardheid en karakter is en bly, beskryf hulle wat hulle sien nie presies dieselfde nie - soos ons trouens ook nie sou verwag dat vier getuies wat byvoorbeeld 'n motorongeluk gesien het, die gebeure presies dieselfde sal beskryf nie.

Van vier kante af kom dieselfde blye boodskap van dieselfde heuglike gebeurtenis, dieselfde evangelie van Jesus Christus. Maar deurdat ons vier gesigspunte hierop het, word ons in staat gestel tot 'n vier-dimensionele blik. En daarom is nie net die ooreenkomste tussen die Evangelies nie, maar ook die verskille vir ons belangrik. Daar is 'n basiese eenheid in die verskeidenheid: dit gaan steeds om dieselfde goeie

boodskap.

Ons kan dit egter sien deur die oë van die Jode (Mattheüs, Markus, Johannes) - maar ook deur die oë van 'n heiden (Lukas). Apostels spreek tot ons (Mattheüs, Johannes) - maar ook hulle leerlinge en medewerkers (Markus, Lukas). Mense wat alles self gesien en gehoor het, getuig (Mattheüs, Johannes) - maar ook iemand wat hoogstens 'n klein deeltjie self meegemaak het (Markus) en iemand wat na alle waarskynlikheid nooit Jesus self gesien het nie (Lukas). Ons kan die Evangelie lees soos dit vir die Jode geskryf is (Mattheüs) - maar ook soos dit vir die heidene verkondig is (Markus), of selfs soos dit vir 'n tussengroep (heidene wat in die Joodse godsdiens begin belangstel het) gebring is (Lukas), of soos dit vir almal as aanvulling opgestel is (Johannes). Ons besit dit soos dit vir 'n breë leserskring geskryf is (Mattheüs, Markus, Johannes) - maar ook soos dit veral vir een man spesiaal nagevors en opgestel is (Lukas).

En in dit alles sien ons dieselfde hooffiguur, Jesus Christus, van verskillende kante. Mattheüs teken Hom in die algemeen as die vervulling van die Ou Testament, as die Messias. Die Messias beklee veral drie ampte, en op elkeen hiervan lê een van die ander Evangeliste nou besondere nadruk: Markus op Christus as Koning, Lukas op Christus as Priester, en Johannes op Christus as Profeet.

Dit is trouens ook hoe ons die Evangelies moet lees: in die eerste plek in hulle eie reg. Elkeen is 'n selfstandige boek, en 'n mens verstaan geen boek as jy nou 'n bietjie hier, en dan weer 'n bietjie daar lees nie. Neem 'n Sondagmiddag 'n Evangelie en lees hom van begin tot einde deur; dit gaan gouer as wat u verwag. En let dan veral ook op die eie aard, die unieke eienskappe, die eiesoortige karakter en strekking van elke Evangelie. Kyk by Mattheüs onder andere hoeveel toesprake daar van Onse Here Jesus Christus is wat soos mylpale verskillende fases van die Evangelie onderstreep. Iemand het die Evangelie van Markus 'n lydensgeskiedenis met 'n proloog genoem; kyk hoe haastig is Markus om by die kruis te kom en hoe breed beskrywe hy dit dan. Kyk ook hoe koninklik majestueus Jesus in sy lyde is. Lukas, die geneesheer, sien weer veral die lyde en hartseer van die mense raak, én hoe Jesus dit raakgesien het, vertel hy graag. Let dan weer op hoe anders Johannes is as die eerste drie Evangelies, (die sogenaamde Sinoptici) - hoe hy sy Evangelie later skryf as aanvulling, en tog lewer hy 'n eie bydrae wat onmisbaar is.

Lees die Evangelies dus in die eerste plek agtermekaar. Maar lees hulle ook langs mekaar. As u 'n bepaalde gebeurtenis bestudeer, lees wat die verskillende Evangelies hieroor sê; vergelyk hulle met mekaar, kyk hoe hulle mekaar aanvul en watter

nuwe lig die een op die ander se beskrywing werp. Eintlik moes ons ook 'n vierkolom-evangelie of Sinopsis gehad het (soos inderdaad in ander tale bestaan maar ongelukkig nog nie in Afrikaans nie); 'n kolom vir elk van die vier Evangelies met die ooreenstemmende gedeeltes so vlak langsmekaar.

As ons die Evangelies so lees - in hulle eie reg maar ook in vergelyking met mekaar - met besef van die historiese lyn maar ook met begrip vir die eie betekenis van elke afsonderlike gebeurtenis, is dit soveel makliker om te sien wat die Evangelie vandag nog vir ons beteken. Maar daaroor later iets meer.

**Die teks van die Evangelies**

Van die oorspronklike manuskripte van die Evangelies, het geeneen die tand van die tyd oorleef nie en waar die Evangelies vir 'n ruim driekwart van hulle bestaan met die hand oorgeskryf moes word (boekdrukkuns is eers hier teen die vyftiende eeu uitgevind) is die presiese vasstelling van die oorspronklike teks soms 'n moeisame taak. Gelukkig beskik ons hiervoor oor 'n massa materiaal wat dié van ander geskrifte uit die klassieke oudheid honderdvoudig (en soms selfs duisendvoudig) in getalle oortref.

Die negentiende eeu en die eerste deel van die twintigste eeu het veral die sensasionele ontdekking van ou manuskripte en die pionierswerk van individue opgelewer. In ons tyd word die Tekskritiek by uitstek deur die aanwending van moderne wetenskaplike hulpmiddels en die spanwerk van deskundiges gekenmerk. Die hulp van kernfisika en die rekenaar word ingeroep, manuskripte word in groepe of families ingedeel, stambome word opgestel, en vanuit verskillende oogpunte word die variante noukeurig teenoor mekaar opgeweeg. Die resultaat kan dan ook nie uitbly nie.

Dit sou nie te veel wees nie om te sê dat die teks van die Evangelies tans met 'n sekerheidsfaktor van goed 99,95 persent vasstaan - en dan raak die onsekerheidsgevalle nog oorwegend kleiner taal- en stylverskille wat vir die verstaan van die teks self weinig of geen betekenis het nie.

**Die Apokriewe**

Die eerste Christene het nie net die 27 boeke geskrywe wat opgeneem is in ons Nuwe Testament nie - hulle het ook 'n stroom ander werke die lig laat sien, sonder die pretensie dat dit deel van die Bybel moet wees. Sommige boeke is

egter geskryf om op dieselfde vlak as die Ou Testament en die boeke van die Nuwe Testament die Skrif te vorm. En hulle noem ons dan die Apokriewe, onegte Bybelboeke wat nie openbaar nie maar verberg (apokrief beteken toegemaak, verborge). Onder hulle is daar ook heelwat apokriewe (of valse) Evangelies.

Hoe het hulle ontstaan?

Ten dele doodgewoon uit nuuskierigheid. Die Evangelies bied ons geen volledige lewensverhaal of biografie van Jesus Christus nie. Daar is telkens gapings. Ons lees bv. van Hom by sy geboorte en die gebeure wat daarop volg, dan weer as Hy 'n kind is van omtrent 12 jaar, en dan eers weer as Hy 'n man is van omtrent 30 jaar. Nou wat het met Hom in tussentyd gebeur? Of 'n ander voorbeeld: Hy is Vrydagmiddag laat begrawe en Sondagoggend vroeg het Hy opgestaan - waar was Hy intussen? Dergelyke vrae het die eerste Christene gevra, en die Apokriewe boeke het hierdie vrae probeer antwoord. Hulle bied in die vorm van allerlei fabels of legendariese verhaaltjies wat met Jesus sou gebeur het as 'n jong kind, of wat met Hom sou gebeur het toe Hy in die graf was en dan sogenaamd hel toe gegaan het. Dis dan die eerste rede vir die ontstaan van die Apokriewe: doodgewone menslike nuuskierigheid wat vrae gevra het wat die Evangelies met hulle soberheid nie vir ons beantwoord nie.

Daar is egter ook nog 'n ander oorsaak vir die ontstaan van die Apokriewe: kettery. Dit het ongelukkig nie baie lank geduur voordat die eerste dwalings in die Kerk van Christus ingesluip het nie - trouens, 'n mens sien dit al in die tyd van die Nuwe Testament self. Elkeen van hierdie afwykinge of sektes het hulle uiteraard op Christus beroep: Hulle sou dan niks anders nie as maar net sy leer voortsit. Dit moes hulle egter kon bewys, en uit die Nuwe Testament kon hulle nie. Wat was nou egter makliker as om self 'n Evangelie te skrywe en die dwaling dan in die mond van Jesus te lê asof Hy dit al verkondig het - en om die valse evangelie dan ingang te laat vind by die mense, sit dit op die naam van een of ander van die apostels! En so het daar 'n hele reeks Evangelies ontstaan (afgesien van 'n legio Handelinge en Openbaring) op die naam van feitlik elkeen van die apostels.

Miskien het u ook al gewonder hoekom nou juis net die vier Evangelies in die Nuwe Testament opgeneem is en nie ook van hierdie ander nie. Die beste antwoord hierop is om self van die ander evangelies, die apokriewe, te gaan lees. Die verskil tussen hulle en die Bybelse Evangelies is geweldig. Die apokriewe bring ons in 'n totaal ander wêreld as die Evangelies van die Skrif: 'n bisarre fantasie-wêreld waar Christus niks anders is as 'n sensasionele wonderdoener nie, iemand met die merk-

waardigste leringe en daarby ook nog iemand wat baie selfsugtig en selfbewus is. Dit is trouens juis die belang van die apokriewe: nie in wat hulle sê nie (want dit is totaal verdraai) maar daarin dat hulle by wyse van kontras met hulle totaal ander geestesklimaat vir ons die betroubaarheid van die Evangelies inskerp. Die Evangelies is so anders: so eenvoudig, so sober, so nugter, so gelowig. Daar is 'n wêreld se verskil tussen die Evangelies wat in die Bybel opgeneem is en hierdie vervalsde fantasie-evangelies.

**Evangeliese Christene vandag**

Maar terug na die Evangelies van die Bybel - en veral dan die evangelie vandag. As ons onsself evangeliese Christene noem, wat sê ons daarmee? Hoe moet ons die evangelie ook vandag uitdra, beliggaam, vertolk?

Kan ek eers baie kortliks 'n paar van die belangrikste Bybelse lyne oor die evangelie saamvat. En eintlik sou 'n mens hier heelwat meer wou sê, maar ek moet my tot kernpunte beperk.

Die evangelie is die vervulling van die Ou Testament, veral gedeeltes soos die tweede helfte van die profesië van Jesaja (Jes. 40 tot 66). Die evangelie is dat Jesus, die beloofde vreugdeboodskapper, hier is. Hieraan ken ons die volheid van die tyd, die vervulling van God se beloftes, die aanbreek van die heilstyd: die evangelie word aan armes verkondig (byvoorbeeld Luk 4:16 en volgende 7:22, Matt 11:2-5).

Die inhoud van die evangelie is die Koninkryk van God (sien byvoorbeeld Markus 1:14). Dit beteken dat God Koning is, dat Hy regeer, dat sy heerskappy ons lewe beslissend beïnvloed dat ons as sy burgers geroep is om Hom op alle terreine te dien. Maar heel in besonder ook dat ons dit nou ook kán doen, omdat ons in en deur Christus vrygemaak is van die slawerny van die sonde, die dood en die hel.

En in die derde plek: die evangelie is waar; dit gaan by die evangelie nie bloot om idees, hoe skitterend ookal, of ideale, hoe inspirerend dit ookal mag wees nie - dit gaan om waarheid, om feite, om dinge wat werklik gebeur het, gebeur en sal gebeur. Maar dan nie dooie feite soos 'n starre ortodoksie dit soms maak nie; feite met betekenis, met trefkrag, met 'n boodskap wat ons mag uitdra en mag uitlewe, om krag en energie en dinamiek. Rom. 1:16: "Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo . . ."

By die evangelie kyk ons dus wel terug, maar dit is alles behalwe 'n vrome in memoriam, 'n sentimentele nabetraging - dit gee krag vir vandag op pad na môre toe. Dis nie net 'n evangelie van vrede nie (Ef. 6:15), dis ook 'n evangelie van hoop (Kol. 1:23) van verwagting van blydskap, van vuur, van die krag van die Heilige Gees.

Die naam "evangeliese Christene" het wel 'n bysmakie in bepaalde Anglosaksiese kringe gekry. Soms is hierdie uitdrukkinge nie net gebruik in teenstelling met byvoorbeeld die Anglikaanse Kerk met sy swaar nadruk op liturgie en tradisie, ritueel, formulier en gebed, sy hoogkerklikheid nie (om daarteenoor dan die Bybelse benadering van die ander kerke te beklemtoon nie) - soms is dit ook gebruik as teëpool van die reformatoriese kerke wat te dogmaties-leerstellig sou wees, en dan is daar veral aksent gelê op persoonlike geloofsbelewing, ongelukkig ook met eksesse in die piëtisme, revivalisme en ontspoorde metodisme.

Die Evangelie ís persoonlik, maar dis nie bloot 'n saak van die binnekamer, van die siel nie. Oberammergau is goed en wel - maar die evangelie moet nie net op die verhoog of in 'n kunswerk heropgevoer word nie - die skouteneel daarvoor is die wêreld. Om die evangelie uit te dra, beteken om "briewe van Jesus Christus te wees" (2 Kor. 2:3) om dit konsekwent uit te leef op alle lewensterreine. Vars en nuut en fris in die idioom van vandag - maar met dieselfde basiese, onveranderlike inhoud.

Dit is die adel van ons Universiteit: om konsekwente Christene ook op die terrein van wetenskap en opvoeding te wees. Is ons dit persoonlik en konkreet genoeg - of is Christelike wetenskap dikwels by ons te veel van 'n filosofiese sisteem, 'n skolastiese skema, mondevol spekulasie van harte wat koud bly onder al die formalisme? Luther het die evangelie 'n "juigkreet" genoem. Hoor ons genoeg van die jeugkreet van die Evangelie in ons lesinglokale, in ons laboratoria?

Bring ons wetenskap ons nader aan die Christus van die evangelie - of is dit 'n obstruksie, 'n blokkasie, 'n verstopping van persoonlike geloofsbelydenis ook in die wetenskap kortwiek en belemmer? Die Heilige Gees wat die Evangelieskrywers op unieke wyse geïnspireer het, is Hy ook die kragbron waaruit ons biddend met ons Christelike wetenskap wil put - of het ons genoeg aan ons verstand, ons wetenskaplike metode, ons akademiese gereedskap?

Wat van die Universiteit geld, geld uiteraard ook van ons hele land. Net een steekproef:

Dit is die roeping waarvoor ons ook staan as volke van verskillende herkoms en kulture in 'n gemeenskaplike landstreek, Suider-Afrika: om mkeaar te ontmoet, nie op die basis bloot van nasionalisme of beskawing of lotsverbondenheid nie (watter lelike woord!), die toekoms van ons kinders of die bestryding van Kommunisme (hoe belangrik hierdie dinge ookal mag wees); ons moet mekaar ontmoet op die basis van die evangelie. As iets volgens die evangelie is, moet ons dit doen sonder uitstel. As iets in stryd met die evangelie is, moet ons dit regmaak sonder om dit te probeer goedpraat.

Dit is die heerlike taak en roeping van die Afrikaner om uit die hart van die Weste (toe dit nog Christelik was) oorgeplant te kon word hier na die suidpunt van die destydse donker Afrika, om hier as 'n brug die evangelie inheems te laat word vir alle volke met wie ons hier saam woon. Solank as wat ons hierdie roeping vervul, het ons 'n toekoms. Vervul ons dit nie meer nie, mag ons nog 'n tydjie bly voortbestaan, maar sin en betekenis het ons voortbestaan dan nie meer nie.

So belangrik is die evangelieverkondiging dat dit ook die sin van die tussentyd genoem kan word, die rede waarom die Wederkoms van Christus nou nog nie plaasvind nie (Markus 13:10). Paulus sê in 1 Kor. 9:16 "Die dwang is my opgelê, en wee my as ek die Evangelie nie verkondig nie". Dit geld nie net van dié besondere ampte, van apostel of predikant nie, dit geld elke gelowige. Wat Paulus vir Timotheüs skryf (2 Tim. 4:2) is ook vandag in onverminderde mate ons opdrag: "Verkondig die Woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering". As dit moet, ly ons saam verdrukking ter wille van die evangelie (2 Tim. 1:8).

Eers eendag sal dit nie meer nodig wees om die evangelie te verkondig nie - as ons van aangesig tot aangesig voor die Christus van die evangelie staan en die nuwe hemel en die nuwe aarde self en in alles die lof van die Allerhoogste verkondig.

********************